**BERTUS DE VILLIERS (red): BIRTH OF A CONSTITUTION. Juta, Kaapstad, 1994.**

'n Lywige werk wat dikwels in fyn besonderhede ingaan en daarom dit des te waardevoller maak. Die onderhandelingsproses waardeur die interim-grondwet van Suid-Afrika tot stand gekom het, word deur skrywers wat óf deel van die proses was óf baie na daaraan gestaan het, bespreek. As van die politieke onderhandelaars eendag hulle dagboek van die onderhandelingsproses sal publiseer a la F.S. Malan se Konvensie Dagboek, sou dit voorwaar 'n interessante studie wees om die tegniese proses wat hier beskryf word, met die politieke proses in die gemoed en ervaring van die onderhandelaars te vergelyk.